

# RFC Reeks

## ROLFES FULLY CHELATED


**RFC is 'n reeks van ten volle gecheleerde mikro-nutriënt oplosbare vloeistof mengsel wat gebruik kan word as blaarbespuitings, besproeiing, en vir in-band toedienings.**

### Wat is RFC:

Die **Rolfes Agri Volle Gecheleerde** reeks – of in kort **RFC** – is 'n unieke en innoverende reeks van kunsmis, wat ten volle (100%) gecheleerde **gepatenteerde tegnologie** bevat deur Rolfes Agri.

### Hoekom dan RFC:

1. Daar is sommige produkte wat beweer dat nutriënte gecheleer is, maar nie die chelasie persentasie bysit nie. Wanneer berekeninge dan gedoen word, word daar gevind dat 13 keer die hoeveelheid van die chelaat middel benodig word om die hoeveelheid nutriënte binne die produk te cheleer. Die **RFC reeks** is ten volle (100%) gecheleer.
2. Tradisioneel word mikro-elemente maklik gepresipiteer/geoksideer, of dit kan eenvoudig net nie deur die blaar opgeneem word in die natuurlike vorm nie (of teen 'n lae en stadige koers). Gecheleerde nutriënte is beskerm teen hierdie faktore.




**Anorganiese nutriënt**  
kan nie maklik die wasagtige blaar penetreer nie

**Gecheleerde nutriënt**  
kan die blaar penetreer

Die nutriënt verlaat die chelaat

3. Gecheleerde nutriënte is veiliger om saam met ander produkte te gebruik in 'n tenk mengsel. Indien 'n produk verkeerdlik beweer dat dit gecheleer is, sal dit maklik uit die tenk mengsel sak deur komplekse bindings te vorm met ander produkte wat sterker bindingsagente het.



### Waar om RFC Produkte te gebruik:

- Tekorte aan veral mikro-elemente is 'n groot probleem in gewas produksie, dit kan die verskil wees tussen 'n goeie en 'n uitstaande oes
- Die **RFC reeks** maak dit maklik om mikro-elemente, asook sekondêre voedings elemente, in 'n voedings program te kan insluit.
- Alle **RFC** produkte is geregistreer op 'n wye verskeidenheid van gewasse.
- Verwys na die etiket vir 'n gedetailleerde lys van gewasse en toepassings.

### Hoe om die RFC produkte toe te dien:

- Alle **RFC produkte** is 100% ten volle gecheleerde mengsels en kan toegedien word as blaarbespuitings, deur bemesting met besproeiing, in-band, spilpunt, drup- en mikro-toedienings, en sommige kan ook as 'n saadbehandeling gebruik word.
- Dit word aanbeveel om altyd 'n mengbaarheids toets te doen voordat enige **RFC produk** met 'n ander middel gemeng word.

Vir beste resultate moet alle **RFC produkte** in 'n gebalanseerde bemestings program gebruik word, saam met ander kunsmis en blaarbespuitings.

\*Sien etiket vir verdere inligting en instruksies.

